



Make a difference - read aloud!



Welcome to your special **World Read Aloud Day** edition of the **Nal'ibali Supplement!**

Each year we celebrate **World Read Aloud Day** together with people from all over the world who are passionate about children's books and reading. It's a day where we turn the spotlight on sharing the power of written stories with each other in order to create communities of readers.

Apart from just being fun, reading aloud is an easy way to make a big difference in a child's life. Here are five reasons to regularly read aloud to the children in your life!

1. Reading aloud to your children gives you things to talk about. It also helps you get to know each other and builds a bond between you.
2. When you read aloud and children enjoy the story, they see reading as an interesting and satisfying activity, and they realise why they should learn to read for themselves. Motivation is a very important part of becoming – and remaining – a reader. To make reading a habit, children have to want to read regularly.
3. Reading aloud shows children how we read and how books work. This knowledge makes it much easier for them to learn to read for themselves.
4. Children are able to understand and enjoy stories that are far beyond their own reading ability when they hear them read aloud.
5. When children hear new words and expressions used in stories, it develops their vocabulary and gives them a rich language to draw from when they read and write on their own.

On World Read Aloud Day, we hold hands with others to create a global literacy movement. (World Read Aloud Day is now celebrated by over one million people in more than one hundred countries!) Reading aloud on this special day is a symbol of our commitment to the power of literacy, and also a very practical way of modelling for everyone that reading matters.

Do those seem like good reasons to make a fuss about World Read Aloud Day in 2017? We think so! You can find ideas on how to join in with this year's Nal'ibali celebrations on page 3 of this supplement.

Maak 'n verskil - lees hardop!



Welkom by Nal'ibali se spesiale bylae vir **Wêrelddag vir Hardop Lees!**

Ons vier elke jaar **Wêrelddag vir Hardop Lees** saam met mense van oor die hele wêreld wat passievol oor kinderboeke en lees is. Dit is 'n dag wanneer ons beklemtoon hoe belangrik dit is om die krag van geskrewe stories met mekaar te deel sodat ons 'n gemeenskap van lesers kan kweek.

Buiten dat die pret is, is hardop lees 'n maklike manier om 'n groot verskil in 'n kind se lewe te maak. Hier volg vyf redes waarom jy gereeld hardop moet lees vir die kinders in jou lewe!

1. Wanneer jy vir jou kinders hardop lees, gee dit julle iets om oor te gesels. Dit help julle ook om mekaar te leer ken en bou 'n band tussen julle.
2. Wanneer jy hardop lees, en kinders geniet die storie, sien hulle lees as 'n interessante en bevredigende aktiwiteit, en hulle besef waarom hulle self moet leer lees. Motivering is 'n baie belangrike deel daarvan om 'n leser te word – en 'n leser te bly. Om lees 'n gewoonte te maak, moet kinders gereeld wil lees.
3. Wanneer ons vir kinders hardop lees, wys ons vir hulle hoe ons lees en ook hoe boeke werk. Hierdie kennis maak dit baie makliker vir hulle om self te leer lees.
4. Kinders kan stories geniet wat ver bo hul eie leesvermoë is wanneer dit hardop vir hulle gelees word.
5. Wanneer kinders nuwe woorde en uitdrukkings hoor wat in stories gebruik word, brei dit hul woordeskat uit, en gee hulle 'n ryk taalskat waaruit hulle kan put wanneer hulle self lees en skryf.

Op Wêrelddag vir Hardop Lees vat ons hande met ander om 'n wêreldwye beweging vir geletterdheid te skep. (Wêrelddag vir Hardop Lees word nou deur meer as een miljoen mense in meer as een honderd lande gevier!) Om hardop te lees op hierdie spesiale dag is 'n simbool van ons verbintenis tot die krag van geletterdheid, en ook 'n baie praktiese manier om vir almal te wys dat lees saak maak.

Klink dit na goeie redes om in 2017 'n ophef van Wêrelddag vir Hardop Lees te maak? Ons dink so! Gaan na bladsy 3 van hierdie bylae vir idees oor hoe om hierdie jaar deel te wees van Nal'ibali se feesvierings.

What's inside?

- ★ Ideas for ways to celebrate World Read Aloud Day
- ★ A special Nal'ibali World Read Aloud Day cut-out-and-keep book
- ★ Two other stories
- ★ A World Read Aloud Day badge
- ★ A reading record sheet

Wat's binne?

- ★ Idees vir maniere om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier
- ★ 'n Spesiale Nal'ibali knip-uit-en-bêreboekie vir Wêrelddag vir Hardop Lees
- ★ Nog twee stories
- ★ 'n Kenteken vir Wêrelddag vir Hardop Lees
- ★ 'n Leesverslagblad



Drive your imagination

Story Power.
Anywhere. Anytime. Anyone.
Oral. Altyd. Almal.

Nal'ibali
It starts with a story...

Nal'ibali news

Every year Nal'ibali celebrates World Read Aloud Day to raise awareness of the importance of reading aloud to encourage children's literacy development. Each year we produce a story especially for World Read Aloud Day in all 11 official languages. We then call on adults across the country to join us in reading the story out loud to the children in their lives on World Read Aloud Day and so help us break our previous read-aloud record.

Here's how we've done so far:

Year	Number of children read to
2013	13 401
2014	50 000
2015	166 360
2016	365 849

This year World Read Aloud Day is on 16 February and we hope to set a new record! Take this opportunity to read aloud to children that you know. We would love it if you could join us in reading our special story, *The best sound in the world*, that features Nal'ibali's very own Bella.



Children enjoying Nal'ibali's first World Read Aloud Day celebration in Khayelitsha in 2013.

Kinders geniet Nal'ibali se eerste viering van Wêrelddag vir Hardop Lees in Khayelitsha in 2013.

Nal'ibali-nuus

Nal'ibali vier elke jaar Wêrelddag vir Hardop Lees om mense bewus te maak van hoe belangrik hardop lees is om kinders se geletterdheid te ontwikkeling en bevorder. Elke jaar skep ons 'n storie in al elf amptelike tale, spesiaal vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Dan doen ons 'n beroep op volwassenes van oor die hele land om by ons aan te sluit en op Wêrelddag vir Hardop Lees die storie hardop te lees vir die kinders in hulle lewens, en ons so te help om ons vorige hardop-lees-rekord te breek.

Dit is hoe ons tot dusver gevaar het:

Jaar	Getal kinders vir wie hardop gelees is
2013	13 401
2014	50 000
2015	166 360
2016	365 849

Hierdie jaar is Wêrelddag vir Hardop Lees op 16 Februarie, en ons hoop om 'n nuwe rekord op te stel! Maak gebruik van hierdie geleentheid om hardop te lees vir kinders wat jy ken. Ons sal baie bly wees as jy by ons kan aansluit deur ons spesiale storie, *Die beste geluid in die wêreld*, met Nal'ibali se eie Bella, te lees.



Yvonne Chaka Chaka talking to the children before she reads to them at Nal'ibali's 2016 World Read Aloud Day celebration at the Orlando Stadium.

Yvonne Chaka Chaka gesels met die kinders voordat sy vir hulle lees tydens die viering van Nal'ibali se Wêrelddag vir Hardop Lees by die Orlando-stadion in 2016.

NAL'IBALI ON RADIO!

Tune into the following radio stations to enjoy listening to stories on Nal'ibali's radio show!

Ikwewezi FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.45 a.m.

Lesedi FM on Monday, Tuesday and Thursday at 9.45 a.m.

Ligwalagwala FM on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

Munghana Lonene FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.35 a.m.

Phalaphala FM on Monday to Wednesday at 11.15 a.m.

RSG on Monday to Wednesday at 9.10 a.m.

SAfm on Monday, Wednesday and Friday at 1.50 p.m.

Thobela FM on Tuesday and Thursday at 2.50 p.m., on Saturday at 9.20 a.m. and on Sunday at 7.50 a.m.

Ukhozi FM on Wednesday at 9.20 a.m. and on Saturday at 8.50 a.m.

Umhlobo Wenene FM on Monday to Wednesday at 9.30 a.m.

X-K FM on Monday, Wednesday and Friday at 9.00 a.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Skakel op enige van die volgende radiostasies in en geniet dit om na stories op Nal'ibali se radioprogram te luister!

Ikwewezi FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.45 vm.

Lesedi FM op Maandag, Dinsdag en Donderdag om 9.45 vm.

Ligwalagwala FM van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

Munghana Lonene FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.35 vm.

Phalaphala FM van Maandag tot Woensdag om 11.15 vm.

RSG van Maandag tot Woensdag om 9.10 vm.

SAfm op Maandag, Woensdag en Vrydag om 1.50 nm.

Thobela FM op Dinsdag en Donderdag om 2.50 nm., op Saterdag om 9.20 vm. en op Sondag om 7.50 vm.

Ukhozi FM op Woensdag om 9.20 vm. en op Saterdag om 8.50 vm.

Umhlobo Wenene FM van Maandag tot Woensdag om 9.30 vm.

X-K FM op Maandag, Woensdag en Vrydag om 9.00 vm.

Celebrate World Read Aloud Day!

Join us on 16 February and let's make World Read Aloud Day 2017 the biggest one ever in South Africa!

Vier Wêrelddag vir Hardop Lees!

Sluit op 16 Februarie by ons aan om 2017 se Wêrelddag vir Hardop Lees die grootste een ooit in Suid-Afrika te maak!

How to join in

1. Go to www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to sign up your family, reading club or school and help make this the biggest World Read Aloud Day celebration in South Africa.
2. Make Nal'ibali World Read Aloud Day badges with your children. Use the template on page 16, or design your own badges.
3. On 16 February 2017, read our World Read Aloud Day story, *The best sound in the world*, on pages 5, 6, 11 and 12 of this supplement to:
 - your own children, grandchildren, nieces and nephews
 - children in your class or at your school
 - groups of children at specially arranged events at your reading club, library or community centre.
4. Do other fun World Read Aloud Day activities. Use the ideas on page 13 to help you.

You're never too old, too wacky, too wild, to pick up a book and read to a child.
Dr Seuss

Jy is nooit te oud, te laf of te wild om 'n boek op te tel en vir 'n kind te lees nie.
Dr Seuss

Hoe om deel te neem

1. Gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi om jou familie, leesklub of skool in te skryf en help om hierdie die grootste viering van Wêrelddag vir Hardop Lees in Suid-Afrika te maak.
2. Maak Nal'ibali se kenteken vir Wêrelddag vir Hardop Lees saam met jou kinders. Gebruik ons kenteken op bladsy 16, of ontwerp julle eie.
3. Lees op 16 Februarie 2017 ons storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, *Die beste geluid in die wêreld*, op bladsye 5, 6, 11 en 12 van hierdie bylae vir:
 - jou eie kinders, kleinkinders, broers- en susterskinders
 - kinders in jou klas of by jou skool
 - groepe kinders by byeenkomste wat spesiaal gereël is by jou leesklub, biblioteek of gemeenskapsentrum.
4. Doen ander prettige aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Gebruik die idees op bladsy 13 om jou te help.

You can download extra copies of our World Read Aloud Day story from www.nalibali.org or www.nalibali.mobi.

Jy kan ekstra eksemplare van ons storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees aflaai by www.nalibali.org of www.nalibali.mobi.

Tips for reading aloud

1. Reading aloud is always a performance! Put lots of expression in your voice to create the mood.
2. If you are reading to a group of children, practise reading the story aloud a few times before you read it to them.
3. Start by reading the name of the author and illustrator so that your children appreciate that books are created by people just like them!
4. Allow time for your children to look at the pictures and comment, if they want to.
5. Help develop your children's prediction skills by asking questions like, "What do you think is going to happen next?"
6. Help develop empathy by making comments like, "I wonder how Bella felt when she heard Gogo shout."

Reading aloud with children is known to be the single most important activity for building the knowledge and skills they will eventually require for learning to read.
Marilyn Jager Adams

Wenke vir hardop lees

1. Hardop lees is altyd 'n opvoering! Gebruik jou stem om die atmosfeer te skep.
2. Indien jy vir 'n groep kinders lees, oefen 'n paar keer om die storie hardop te lees voordat jy dit vir hulle lees.
3. Begin deur die naam van die skrywer en illustreerder te lees sodat jou kinders beseft dat boeke deur mense, net soos hulle, geskep word!
4. Laat tyd toe vir jou kinders om na die prente te kyk en daaroor te gesels, as hulle wil.
5. Help om jou kinders se voorspellingsvaardighede te bou deur vrae soos die volgende te vra: "Wat dink julle gaan volgende gebeur?"
6. Help om empatie te ontwikkel deur opmerkings soos die volgende te maak: "Ek wonder hoe Bella gevoel het toe sy Gogo hoor skree het."

Om hardop vir kinders te lees is die heel belangrikste aktiwiteit om die kennis en vaardighede te bou wat hulle uiteindelik nodig sal hê om te leer lees.
Marilyn Jager Adams

Get story active!

Here are some ideas for using the stories in this edition of the supplement with your children.

The best sound in the world (pages 5, 6, 11 and 12)

In this special World Read Aloud Day story, Bella is listening to the sounds around her when she hears Gogo shouting loudly. Bella and her mom go to find out what is wrong and they help Gogo who has hurt herself. This story about how friends and neighbours care for each other can be enjoyed by children of different ages.

- ★ Before you read the story, ask your children to close their eyes and listen to the sounds around them. Encourage them to name the sounds they hear. Then ask, "What do you think the best sound in the world is?" Let them share their ideas with you.
- ★ After you have read the story:
 - ☉ invite your children to ask questions or make comments about it.
 - ☉ ask your children to say the sound words with you as you read the story again. (They could add actions for these words too!)
 - ☉ encourage your children to draw pictures of Bella, her mom and Noodle running to Gogo's house, or everyone eating supper together at Bella's house, or their favourite part of the story.
 - ☉ share a story about an accident that you or someone you know had at home.

Lara, the yellow ladybird (pages 7 to 10)

Lara is a yellow ladybird in a world of red ladybirds and she just wants to fit in. This is a story about discovering the things that make us special.

- ★ In the story, Miss Miya tells Lara that it is her yellow wings that make her unique. Ask your children, "What are the things that 'make you you'?" Encourage them to talk about these things and/or to write them down.
- ★ Let your children make ladybirds. Here's how to do this: (1) Break one egg cup off an egg carton and use scissors to trim the edges. (2) Paint or colour the egg cup red – or yellow, if you want to make Lara! (3) Once the paint is dry, decide which part of the egg cup will be the ladybird's face and paint that black. Also paint black dots on the ladybird's body. (4) Make two small holes on top of the head. Take two pieces of wire (or paper clips) and bend them to make the ladybird's feelers. Slide the feelers through the holes and glue them in place. (5) Draw two eyes on a piece of paper and then glue them onto the ladybird's face.

The bouncing cabbage (page 14)

Cassidy Ann sees a cabbage fall off a truck, but when she picks it up to give it back to the truck driver, she discovers that this is a very unusual cabbage! This is a good story for reading aloud or retelling.

- ★ Ask your children how they think the bouncing cabbage might have got onto the truck of plants at the beginning of the story. Then suggest that they use their ideas to write a piece which can be added to this story before it begins.
- ★ In the story, Grandpa told the girls to stay in the car, but Cassidy Ann got out to take the cabbage to the men in the truck. Ask your children: "What would you have done if you had been Cassidy Ann? How would the story have been different if she hadn't got out of the car?"



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar idees om die stories in hierdie uitgawe van die bylae saam met jou kinders te gebruik.

Die beste geluid in die wêreld (bladsye 5, 6, 11 en 12)

In hierdie spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, luister Bella na die geluide om haar wanneer sy Gogo hard hoor skree. Bella en haar mamma gaan kyk wat fout is, en hulle help vir Gogo, wat seergekry het. Hierdie storie, oor hoe vriende en bure vir mekaar sorg, sal deur kinders van verskillende ouderdomme geniet word.

- ★ Voordat jy die storie lees, kan jy jou kinders vra om hul oë toe te maak en na die geluide om hulle te luister. Moedig hulle aan om die geluide wat hulle hoor te identifiseer. Vra dan: "Wat dink julle is die beste geluid in die wêreld?" Laat hulle hul idees met jou deel.
- ★ Nadat jy die storie gelees het:
 - ☉ nooi jou kinders om vrae te vra of opmerkings oor die storie te maak.
 - ☉ vra jou kinders om die klankwoorde saam met jou te sê wanneer jy die storie weer lees. (Hulle kan ook aksies by die woorde voeg!)
 - ☉ moedig jou kinders aan om prente te teken van Bella, haar mamma en Noodle wat na Gogo se huis toe hardloop, of van almal wat by Bella se huis saam aandete eet, of van hul gunstelingdeel van die storie.
 - ☉ deel 'n storie oor 'n ongeluk wat met jou of iemand wat jy ken by die huis gebeur het.

Lara, die geel skilpadbesie (bladsye 7 tot 10)

Lara is 'n geel skilpadbesie in 'n wêreld vol rooi skilpadbesies, en sy wil so graag inpas. Hierdie is 'n storie oor hoe ons die dinge wat ons spesiaal maak, ontdek.

- ★ In die storie vertel Juffrou Miya vir Lara dat dit haar geel vlerke is wat haar uniek maak. Vra vir jou kinders: "Wat is die dinge wat 'jou maak wie jy is'?" Moedig hulle aan om oor hierdie dinge te gesels en/of om dit neer te skryf.
- ★ Laat jou kinders skilpadbesies maak. So doen jy dit: (1) Breek een eierkoppie van 'n eierboksie af en knip die rande met 'n skêr netjies. (2) Verf die koppie rooi of kleur dit rooi in – of geel, as jy vir Lara wil maak! (3) Wanneer die verf droog is, besluit watter deel van die eierkoppie die skilpadbesie se gesig gaan wees, en verf dit swart. Verf ook swart kolle op die skilpadbesie se lyf. (4) Maak twee klein gaatjies bo-op die kop. Vat twee stukkies draad (of skuifspelde) en buig dit om die skilpadbesie se voelers te maak. Druk die voelers deur die gaatjies en plak dit vas. (5) Teken twee oë op 'n stukkie papier en plak dit dan op die skilpadbesie se gesig vas.

Die bonsende kopkool (bladsy 15)

Cassidy Ann sien hoe 'n kopkool van 'n vragmotor afval, maar wanneer sy dit optel en vir die bestuurder van die vragmotor wil teruggee, ontdek sy dat dit 'n baie ongewone kopkool is! Dit is 'n goeie storie om hardop te lees of oor te vertel.

- ★ Vra jou kinders hoe hulle dink die bonsende kopkool aan die begin van die storie op die vragmotor vol plante beland het. Stel dan voor dat hulle hul idees gebruik om 'n stuk te skryf wat ingevoeg kan word voordat hierdie storie begin.
- ★ In die storie sê Oupa vir die meisies om in die motor te bly, maar Cassidy Ann klim uit om die kopkool vir die mans in die vragmotor terug te gee. Vra vir jou kinders: "Wat sou julle gedoen het as julle Cassidy Ann was? Hoe sou die storie anders verloop het as sy nie uit die motor geklim het nie?"

Create TWO cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. The sheet with pages 5, 6, 11 and 12 on it makes up one book. The sheet with pages 7, 8, 9 and 10 on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye 5, 6, 11 en 12 daarop, maak een boek. Die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10 daarop, maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.



Drive your
imagination

Mom, Bella and Noodle rushed down the road and around the corner to Gogo's house. They found Gogo in her kitchen blowing on her hand.

"*Eish!* I burnt my hand on that silly hot pot!" cried Gogo.

"Put it under some cold water while I fetch my first aid kit," said Mom, and off she ran back to her house – *patta, patta, patta*.

Mamma, Bella en Noodle hardloop in die straat af en om die hoek tot by Gogo se huis. Hulle kry Gogo in die kombuis, besig om op haar hand te blaas.

"*Eish!* Ek het my hand aan daardie simpel pot gebrand!" sê Gogo.

"Hou dit onder koue water, dan gaan haal ek gou my noodhulpkissie," sê Mamma en sy hardloop – *patta, patta, patta* – terug huis toe.




Bella is outside with Noodle counting the sounds she can hear around her when she hears Gogo shouting. What has happened? Does Gogo need her help? There are a few more sounds that Bella hears that day, and her mom gets to hear her favourite sound too!



Bella sit buite saam met Noodle en tel die geluide wat sy om haar hoor, toe sy Gogo hoor skree. Wat het gebeur? Het Gogo hulp nodig? Daar is nog 'n paar geluide wat Bella daardie dag hoor, en haar mamma hoor ook die geluid waarvan sy die meeste hou!

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org of www.nalibali.mobi



The best sound in the world Die beste geluid in die wêreld



Niki Daly
Rico

“Dis Gogo,” sê Mamma. “Gou! Ons moet gaan kyk wat gebeur het.”


“Aaaaaau! Eishi! Einaa!”

“Luister!” sê Bella. En toe hoor Mamma dit!

“Elk het niks gehoor nie,” sê Mamma.

Mamma skakel dit af.

“Daar kom vreeslike geluide uit Gogo se huis!” skree Bella bo die *wwwww, wwww!* van die stofsuier.



“That’s Gogo,” said Mom.

“Quick! We must go and see what’s the matter.”

“Aaaaarh! Eishi! Aaaaarh!”

“Listen!” said Bella. And then Mom heard it!

“I didn’t hear anything,” said Mom.

cleaner. Mom switched it off.

shouted Bella over the *www, www!* of the vacuum

“There are terrible sounds coming from Gogo’s house!”

Bella was bored and Mom had housecleaning to do.

“Take Noodle and get some fresh air,” said Mom.

Noodle followed Bella outside and sat next to her on the pavement. Bella sighed and smelt the air. It did not smell fresh. It smelt of stinky traffic.



Bella is verveeld, maar Mamma moet die huis skoonmaak.

“Vat vir Noodle en gaan kry ’n bietjie vars lug,” sê Mamma.

Noodle volg Bella buitentoe en gaan sit langs haar op die sypaadjie. Bella sug en ruik die lug. Dit ruik nie vars nie. Dit ruik na die motors se uitlaatgasse.

Mamma is gou-gou terug. Sy het ’n klein wit kissie met ’n rooi kruis op by haar. Sy smeet ’n bietjie salf aan Gogo se hand en draai ’n verband om.

“Gogo, jy kan nie kos maak met ’n seer hand nie,” sê Mamma. “Julle moet vanaand by ons kom eet.”

“Dankie,” sê Gogo. “Vat asseblief daardie warm pot bone saam vir aandete.”

Soon Mom was back, carrying a little white box with a red cross on its lid. She put some ointment on Gogo’s hand and wrapped it in a bandage.

“Gogo, you can’t cook with a sore hand,” said Mom. “You and your family must come and have supper with us tonight.”

“Thank you,” said Gogo. “Please take that silly pot of beans to add to our meal.”



Die volgende oggend groet niemand vir Lara op
pad skool toe nie. En toe sy by die skool kom, sê
nie een van haar maats vir haar hallo nie.



The next morning, nobody greeted Lara on
her way to school. And when she got there,
none of her friends said hello to her.



“Every child should own a hundred
books by the age of five.”



Find out more at bookdash.org. Read our books
for free, in all 11 languages, on the Android app.
Search for “Book Dash” in the Google Play store.

All Book Dash books are open-licensed and are
created by volunteer professionals at Book Dash events.



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment
campaign to spark children's potential through
storytelling and reading. For more information,
visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



It starts with a story...

Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog
wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur
middel van lees en die vertel van stories. Vir
meer inligting, besoek www.nalibali.org of
www.nalibali.mobi



Drive your
imagination

Lara, the yellow ladybird Lara, die geel skilpadbesie

Catherine Holtzhausen
Martha Evans
Nadene Kriel



Lara sat all alone. No one noticed her new red wings
until Miss Miya spotted her and said, "Lara, you've
painted your lovely yellow wings!"

Lara sit heetern allee. Niemand sien haar nuwe
rooi vlerke raak nie, totdat Juffrou Miya haar raaksien
en sê: "Lara, jy het jou pragtige geel vlerke geveer!"



So one day, to cheer her up, Lara's mother painted
her wings bright red.

Toe, eendag, om haar op te kikker, verf Lara se
mamma haar vlerke helderrooi.



But Lara wanted to be like the other ladybirds.
 “I wish I had red wings like you, Mama,” she cried.
 Maar Lara wil soos die ander skilpadbesies wees.
 “Ek wens ek het rooi vlerke soos jy gehad,
 Mama,” hui sy.



Lara, the ladybird, was a special bug. Unlike all her friends, she had bright yellow wings. Everyone loved her yellow wings.

Lara, die skilpadbesie, is ’n spesiale besie. Anders as al haar maats, het sy heldergeel vlerke. Almal is dol oor haar geel vlerke.



Lara’s classmates were shocked. “Your yellow wings are special! So unique! So rare!” they said.
 Lara se klasmaats is geskok. “Jou geel vlerke is spesiaal! Dis uniek! En raar!” sê hulle.



“... to try a bit of purple ... or something nice. But not forever and just for fun.”

“... om dit pers te maak ... of iets anders wat mooi is. Maar nooit vir altyd nie, en net vir die pret.”

At school, Lara played with lots of friends.
By die skool speel Lara met baie maats.



Each morning, Bibi Butterfly said hello to Lara,
and Manto Mantis always waved. Even Sesa, the
sulky spider, was happy to see her.

Elke oggend groet Saartjie Skoenlapper vir Lara,
en Basie Bidgogga waai altyd vir haar. Selfs Solly,
die stuurs spinnekop, is bly om haar te sien.



“Lara,” sê Juffrou Myra, “jou geel vlerke is wat van jou
maak wie jy is – soos Siphho se kol en Sally se bene.”




“Lara,” Miss Myra said, “your yellow wings are what make
you you – like Siphho’s spot and Sally’s legs.”

Back home, Lara took a long bath and scrubbed until her golden
wings gleamed. “I’ll never paint my wings again!” she thought.
“Except maybe once or twice ...”

Toe sy by die huis kom, gaan bad Lara en skrop tot haar goue
vlerke blink. “Ek gaan nooit weer my vlerke verf nie!” dink sy.
“Behalwe dalk een of twee keer ...”





haar te vertel wat sy gehoor het.
kom uit Gogo se huis aan die ander kant van die agterste
muur. Bella hardloop vinnig na haar mamma toe om vir
“Aaaaaau! Eish! Einaa!” Die verskriklikste geluid

In die agterplaas klink die geraas van die verkeer ver,
ver weg. Hulle kan selfs ’n klein voëljie hoor *tweet-tweet*.
Bella maak haar oë toe en vryf Noodle se kop. En toe
wip hulle soos hulle skrik!



“Aaaaarh! Eish! Aaaaarh!” The most terrible
sound was coming from Gogo’s house on the other side
of the back wall. Quickly, Bella ran to tell her mom what
she had heard.

In the backyard the traffic sounded far, far away. They
could even hear the sweet *tweet-tweet* song of a little bird.
Bella closed her eyes and stroked Noodle. And then
they both jumped!

Vroom! went a car. *Toot!* went another. *Putta, putta, putta!*
went a motorbike. *Clackity-flap-flap!* went an old bakkie
with its worn out tyres and rusty old body.

Bella started counting the sounds around her. That was
four already!

Dugga, dugga, dugga! went a road drill. *Grrrrrrrrrrrr!* growled
Noodle at the drill.

Doef, doef, doef! came the
loud music from a taxi.



Wroem! jaag ’n motor
verby. *Toet!* maak ’n
ander. *Prr, prr, prr-pp!*

brom ’n bromponie. *Klakkety-klak-klak!* raas ’n ou
bakkie met sy gladde bande en geroeste bak.

Bella begin die geluide om haar tel. Dis reeds
vier geluide!

Drrrrr, Drrrrr, Drrrrr! raas die padwerkers se boor.
Grrrrrrrrrrrr! grom Noodle vir die boor. *Doef, doef, doef!*
blêr die harde musiek uit ’n taxi.

At bedtime, Mom asked Bella, “Do you
know what my favourite sound is?”

“What?” asked Bella.

“This!” said Mom, giving Bella’s tummy a tickle.

Ha, ha, hee, hee, ha, ha, hee, hee! laughed Bella.

Yebo! Laughter really *is* the best sound in the
whole world. What do you think?

Toe dit slaptyd is, vra Mamma vir Bella: “Weet jy
van watter geluid ek die meeste hou?”

“Watter een?” vra Bella.

“Dié een!” sê Mamma en kielie Bella se maag.

Ha, ha, hie, hie, ha, ha, hie, hie! lag Bella.

Jip! Lag *is* regtig die beste geluid in die hele
wêreld. Wat dink jy?

Al die geraas laat Bella se kop draai. Sy hou op tel en se: “Kom, Noodle, kom ons gaan lê in die agterplaas waar dit rustig en stil is.”

“TWAALF geluide!” sê Bella.

Bla, bla, bla-bla-bla! gesels 'n vrou hard op haar selfoon. Tike, tike, tike! maak haar hoë hakke op die sypaadjie toe sy verbystap. Plof-plof-plof! hardloop 'n draawwer by Bella verby. Woef, woef, woef! blaf Noodle vir die draawwer. Fweel, fweel, fweel! Fluit 'n seun op 'n fiets.

But all the noises were starting to make Bella's head spin, so she stopped counting and said, “Come, Noodle, let's go to the backyard where it's nice and quiet.”

“TWELVE sounds!” said Bella.

Hanna, hanna, hanna! went a lady talking loudly on her cellphone. Tike, tike, tike! went her high heels on the pavement as she walked by. Thwack, thwack, thwack! went a jogger running passed Bella. Woof, woof, woof! barked Noodle at the jogger. Tive, tive, tive! whistled a boy on a bicycle.



“Ek was besig om die geluide om my te tel,” sê Bella.

“Ek is so bly jy het my hoor skree,” sê Gogo vir Bella.

plp, plp, 'n hele bak water op!

sy bakkie. Tjomp, tjomp! Hy versind alles. En toe drink hy se bone gemaak het. Selfs Noodle kry 'n klein bietjie in Bella se mamma se heerlike kerrie ruik, wat sy met Gogo Njam, njam! – dit is die geluid wat hulle maak toe hulle Bella se huis toe.

Toe dit tyd is vir aandete, kom Gogo en haar familie na

“I was busy counting the sounds around me,” said Bella.

“I'm so glad you heard me cry out,” said Gogo to Bella.

whole bowl of water!

Chomp, chomp! He ate it all up. Then lap, lap. He drank a of beans. Noodle was even given a tiny bit in his bowl. smelt Bella's mom's delicious curry made with Gogo's pot Yum, yum! – that was the sound they made when they

At supper time, Gogo and her family arrived.

“Well, here's another one for you,” said Gogo bending towards Bella. *Mvab!* went a big, fat kiss on Bella's cheek. Bella had forgotten how many sounds she had counted, but that one had to be the best!

“That's my favourite sound!” she said smiling.



“Wel, hier's nog een vir jou,” sê Gogo en buig oor na Bella toe. *Mvaa!* gee sy vir Bella 'n vet klapsoen op haar wang. Bella het vergeet hoeveel geluide sy getel het, maar hierdie een is beslis die beste!

“Dis my gunstelinggeluid!” sê sy met 'n glimlag.


10 World Read Aloud Day activities



1. Let your children make their World Read Aloud Day badges (see page 16) before 16 February so that they can wear them on World Read Aloud Day. (You can get extra copies of the badge or find it in other languages at www.nalibali.org.)
2. Read our special World Read Aloud Day story, *The best sound in the world*. Go to www.nalibali.org or www.nalibali.mobi and sign up to let us know how many children you read to.
3. Choose some of the activities suggested for *The best sound in the world* in the "Get story active!" section on page 4.
4. Put a collection of books that you know your children enjoy into a box. Allow time for them to choose their favourites to read alone or together. Can they decide which their favourite favourite is?
5. Encourage everyone to dress up as a character from a book they really enjoy. Then ask them to read their favourite scene from this book aloud. With younger children, you can ask them to show you their favourite part of the book and then you can read it to them.
6. Have a World Read Aloud Day assembly at your school. Arrange for one or more of the staff to read our story, *The best sound in the world*, to the children and ask a group of children to act it out.
7. Build a World Read Aloud Day story quilt. Cut out squares of paper and ask everyone to write and/or draw something about their favourite story on the square. Tape all the completed squares together to create a paper patchwork quilt!
8. Use World Read Aloud Day to try something new – read aloud to children or adults you have not read to before, or try reading a story to your children in a different place, like at the park or when they are in the bath!
9. If you are at a reading club, library or school, invite a special guest (like a religious leader from a place of worship in your community, or a parent, or a pensioner) to read or tell their favourite story to the children.
10. Create a wall display where children can post information about books they have enjoyed reading. Write a heading for the display, for example, "Books we love". Then leave slips of paper next to the board for children to write the title of the book, the author and a comment about the book. Ask adults and older children to help the younger children contribute to the display by writing the titles of books they have enjoyed for them on larger sheets of paper and then letting them draw a picture about the story.



10 aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees




1. Laat jou kinders hulle kentekens vir Wêrelddag vir Hardop Lees voor 16 Februarie maak (sien bladsy 16) sodat hulle dit op Wêrelddag vir Hardop Lees kan dra. (Jy kan ekstra eksemplare van die kenteken en die kenteken in ander tale kry by www.nalibali.org.)
2. Lees die spesiale storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, *Die beste geluid in die wêreld*. Gaan na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi en skryf in om ons te laat weet vir hoeveel kinders jy gelees het.
3. Kies van die aktiwiteite wat voorgestel word vir *Die beste geluid in die wêreld* in die afdeling, "Raak doenig met stories!" op bladsy 4.
4. Plaas 'n versameling boeke wat jy weet jou kinders geniet, in 'n boks. Gee vir hulle tyd om hul gunsteling te kies om self of saam te lees. Kan hulle besluit wat die storie is waarvan hulle die meeste hou?
5. Moedig hulle aan om soos 'n karakter in 'n boek wat hulle regtig geniet, aan te trek. Vra hulle dan om hul gunstelingdeel uit hierdie boek hardop te lees. Met jonger kinders kan jy hulle vra wat hul gunstelingdeel van die storie is en dit dan vir hulle lees.
6. Hou 'n Wêrelddag vir Hardop Lees-saalbyeenkoms by julle skool. Vra een of meer van die personelede om ons storie, *Die beste geluid in die wêreld*, vir die kinders te lees, en vra 'n groep kinders om dit op te voer.
7. Maak 'n storiekwilt vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Knip blokkies papier uit en vra almal om iets oor hul gunstelingstorie op die blokkie te skryf en/of te teken. Plak dan al die voltooide blokkies aan mekaar vas om 'n papierkwilt te maak!
8. Gebruik Wêrelddag vir Hardop Lees om iets nuuts te probeer – lees hardop vir kinders of volwassenes vir wie jy nog nie voorheen gelees het nie, of lees vir jou kinders 'n storie op 'n ander plek, soos in die park, of wanneer hulle in die bad is!
9. As jy by 'n leesklub, biblioteek of skool is, nooi 'n spesiale gas (soos 'n godsdiensteier van 'n plek van aanbidding in julle gemeenskap, of 'n ouer of pensioenaris) om hulle gunstelingstorie vir die kinders te lees of te vertel.
10. Skep 'n muuruitstalling waar kinders inligting oor boeke kan plak wat hulle geniet het. Gee vir die uitstalling 'n opskrif, soos "Boeke wat ons geniet". Los dan velletjies papier langs die bord vir kinders om die titel van die boek, die skrywer se naam en 'n opmerking oor die boek neer te skryf. Vra volwassenes en ouer kinders om die jonger kinders te help om by te dra tot die uitstalling deur die titels van boeke wat hulle geniet het vir hulle op groter velle papier neer te skryf, en hulle dan 'n prent oor die storie te laat teken.



The bouncing cabbage

By Helen Brain ★ Illustrations by Vian Oelofsen



Cassidy Ann and her big sister, Trixie, were waiting in the car. Grandpa had gone into the garden shop, but he wasn't going to be long. The car park was empty, except for a big truck that was parked on the other side of the fountain. The truck was filled with plants, and men were unloading them onto trolleys for the shop.



Through the fence Cassidy Ann could see Grandpa walking along the rows of plants. He was trying to decide which rose bush to buy.

Suddenly a cabbage fell off the truck. It bounced on the ground, and rolled past the tinkling fountain.

"Did you see that, Trixie?" Cassidy Ann asked. "That cabbage fell off the truck."

Trixie looked up from her book. "So what?" she said. "It's just a cabbage."

Cassidy Ann watched, waiting for someone to see the cabbage and pick it up. But the men were so busy, they hadn't even noticed it was gone. The cabbage rolled and rolled down the car park towards their car. It stopped right next to the car. Cassidy Ann opened the door to pick it up.

"What are you doing?" Trixie asked, turning the page. "Grandpa told us to stay inside the car."

Cassidy Ann closed the door. She sat there in the car, worrying about the cabbage. She saw the men climbing back into the truck. "I'm just going a tiny way," she said, opening the car door again. "Just to give the cabbage back to the men in the truck."

The men were ready to go. They were slamming the doors and the driver had already started the engine.

"Fine," Trixie said, "but if Grandpa comes back and finds you gone, it's not my fault."

So Cassidy Ann jumped out of the car, grabbed the cabbage and ran over to the truck.

But she was too late. The driver hadn't seen her. He drove off and Cassidy Ann was left standing in the car park, holding a very big cabbage.

"What shall I do now?" she thought. "It doesn't belong to me, but I can't give it back. Should I leave it here? Or should I take it home for Granny to cook?"


Suddenly the cabbage began to shake! It shook so hard that Cassidy Ann could hardly hold it. It shook so hard it began to bounce around in her arms. And then *Whoosh! Bang!* It bounced right into the air, and Cassidy Ann went with it.

Up it flew, right up to the top of a very tall avocado tree. Then down it came again, while Cassidy Ann held on tight, and *BOOOOOING!* it bounced on the road and shot up again, this time onto the roof of the garden shop.

It was nice up there. Cassidy Ann could see everything – the people buying plants in the garden shop, a lady taking her dogs for a walk along the river, the water lilies in the fountain, and Trixie reading her book in the car. It was fun.

But then the cabbage was bouncy again. It was shaking and shivering and wiggling up and down, and Cassidy Ann had to hold on tight to stop it from getting away from her.

"Where are you going now?" she shrieked as the cabbage bounced once, twice, three times ... then *swoooooosh* into the air, and *boooooing* down to the ground. *Sppppplashhh!* it landed in the fountain, scattering water everywhere. Then up it went again, while Cassidy Ann clung on giggling, and *boooooing* down again into the fountain. Even more water shot out, splashing an angry lady carrying a bunch of flowers.



Up it went again, high, high, high until Cassidy Ann could smell the clouds and feel them making her clothes all damp. Up, up, up till the car park looked far away, and Grandpa's car looked as tiny as a toy car. Cassidy Ann could see Grandpa coming out of the garden shop, pushing a trolley with a big spiky rose bush on it. The cabbage started shivering and shaking and then it began to fall down, down, down. Cassidy Ann just knew she was going to land on the spiky, thorny rose bush, so she started to scream, "Grandpa, watch out, Grandpa!"

Grandpa looked up and said, "Cassidy Ann what on earth are you doing flying through the ..." Just as she was about to crash into the spiky, thorny rosebush, Grandpa held out his arms and caught Cassidy Ann. He overbalanced and they both tumbled into the fountain. Luckily there wasn't much water left in the fountain, but a frog got a terrible fright and jumped out, croaking. And Grandpa sat up in the fountain with a lily leaf draped over his head, and Cassidy Ann's dress was all green and slimy from the pondweed.

Trixie came running over, and helped Grandpa up. "What happened?" she asked. "How did you both fall into the fountain?"

"Cassidy Ann pushed me," Grandpa said. "I think that's what happened! I can't quite remember."

"It was the magic bouncing cabbage," Cassidy Ann explained. "It bounced me right up into a tree, and onto the roof, and into the fountain, and then as high as the clouds. And then it bounced me down again and I nearly landed in Grandpa's rose bush."

"Hmmmph," said Trixie. "You're naughty to make up stories like that and pretend they are true, Cassidy Ann! Next time you must do as you're told and stay in the car."

Cassidy Ann wanted to show them she wasn't making up stories, so she looked around for the cabbage. It was gone. Then she saw it – so high in the sky that it looked like a bird. A fat green bird, bouncing up and down on the clouds.

"There it is," she said pointing to the sky. "Up there."

But they still didn't believe her. Grandpa wasn't cross though. He began to laugh and they laughed all the way home.



Die bonsende kopkool

Deur Helen Brain ★ Illustrasies deur Vian Oelofsen

Cassidy Ann en haar ouer suster, Trixie, wag in die motor. Oupa is na die tuinwinkel toe, maar hy sal nou-nou terug wees. Die parkeerarea is leeg, behalwe vir 'n groot vragmotor wat aan die ander kant van die fontein geparkeer is. Die vragmotor is vol plante, en die mans laai dit op trollies om na die winkel te neem.



Deur die heining kan Cassidy Ann vir Oupa tussen die rye plante sien stap. Hy probeer besluit watter rose hy wil koop.

Skielik val 'n kopkool van die vragmotor af. Dit bons op die grond, en rol verby die kabbelende fontein.

"Het jy dit gesien, Trixie?" vra Cassidy Ann. "Daardie kopkool het van die vragmotor afgeval."

Trixie kyk van haar boek af op. "Wat daarvan?" vra sy. "Dis tog net 'n kopkool."

Cassidy Ann wag vir iemand om die kopkool te sien en dit op te tel. Maar die mans is so besig dat hulle nie eens oplet dat dit weg is nie. Die kopkool rol en rol en rol na hulle motor toe. Dit kom reg langs hulle motor tot stilstand. Cassidy Ann maak die deur oop om dit op te tel.

"Wat doen jy?" vra Trixie, en blaai 'n bladsy om. "Oupa het gesê ons moet in die motor bly."

Cassidy Ann maak die deur toe. Sy sit in die motor, maar bekommer haar oor die kopkool. Sy sien hoe die mans in die vragmotor klim. "Ek gaan net tot daar," sê sy, en maak die deur weer oop. "Net om die kopkool vir die mans in die vragmotor terug te gee."

Die mans is reg om te ry. Hulle klap die deure toe en die bestuurder het al klaar die enjin aangesit.

"Reg so," sê Trixie, "maar as Oupa terugkom en sien jy's weg, is dit nie my skuld nie."

Cassidy Ann spring uit die motor, gryp die kopkool en hardloop tot by die vragmotor.

Maar sy is te laat. Die bestuurder het haar nie gesien nie. Hy ry weg en Cassidy Ann staan in die parkeerarea met 'n baie groot kopkool in haar hande.

"Wat moet ek nou doen?" dink sy. "Dit behoort nie aan my nie, maar ek kan dit nie teruggee nie. Moet ek dit hier los? Of moet ek dit huis toe vat sodat Ouma dit kan gaarmaak?"


Skielik begin die kopkool skud! Dit skud so hard dat Cassidy Ann dit skaars kan vashou. Dit skud so hard en begin in haar arms rondbons. En toe bons dit *Woesj! Kaboem!* in die lug in, met Cassidy Ann agterna.

Dit vlieg op, tot bo in 'n baie hoë avokadopeerboom. Toe kom dit weer af, met Cassidy Ann wat styf vashou, en *BOIING!* bons dit op die pad en skiet weer op, hierdie keer tot op die dak van die tuinwinkel.

Dis lekker hier bo. Cassidy Ann kan alles sien – die mense wat plante koop in die tuinwinkel, 'n vrou wat met haar honde langs die rivier stap, die waterlelies in die fontein, en Trixie, wat in die motor sit en haar boek lees. Dis pret.

Maar die kopkool begin al weer bons. Dit bibber en beef en wriemel op en af, en Cassidy Ann moet styf vashou om te keer dat dit wegkom.

"Wat doen jy nou?" gil sy toe die kopkool een, twee, drie keer bons ... toe *swoeesj* in die lug op skiet, en weer met 'n *boiing* grond toe bons. *Kaplaks!* beland dit in die fontein sodat die water oral spat. Toe bons dit weer in die lug op, met Cassidy Ann wat giggelend vasklou, en toe *boiing* dit weer af tot in die fontein. Nog meer water spat uit, en spat 'n kwaai vrou met 'n bos blomme nat.



Op, op, op skiet die kopkool, hoog, hoog, hoog, tot Cassidy Ann die wolke kan ruik en voel en dit haar klere klam maak. Op, op, op, tot die parkeerarea ver weg lyk, en Oupa se motor so klein soos 'n speelgoedkarretjie lyk. Cassidy Ann sien hoe Oupa uit die tuinwinkel kom met 'n trollie met 'n groot roosboom vol dorings daarop. Die kopkool begin rittel en beef en toe val dit af, af, af. Cassidy Ann weet sommer dit gaan op die roosboom vol dorings land, en sy begin skree: "Oupa, pas op, Oupa!"

Oupa kyk op en sê: "Cassidy Ann wat op aarde doen jy daar bo in die ..." Net voor sy op die roosboom vol dorings te lande kom, steek Oupa sy arms uit en vang haar. Hy verloor sy balans en hulle beland albei in die fontein. Gelukkig is daar nie baie water in die fontein oor nie, maar 'n padda skrik so groot dat hy kwakend uit die water spring. Oupa sit regop in die fontein, met 'n lelieblaar op sy kop, en Cassidy Ann se rok is groen en slymerig van die plante in die fontein.

Trixie kom aangehardloop en help vir Oupa op. "Wat het gebeur?" vra sy. "Hoe het julle twee in die fontein beland?"

"Cassidy Ann het my gestamp," sê Oupa. "Ek dink dis wat gebeur het! Ek kan nie regtig onthou nie."

"Dit was die betowerde, bonsende kopkool," verduidelik Cassidy Ann. "Dit het my tot bo in 'n boom laat bons, en tot op die dak, en in die fontein, en tot bo in die wolke. En toe het dit my weer laat af bons, en ek het byna op Oupa se roosboom geval."

"Gmmmmf," sê Trixie. "Dis stout om sulke stories op te maak en te maak asof dit waar is, Cassidy Ann! Volgende keer moet jy doen soos vir jou gesê word en in die motor bly."


Cassidy Ann wil vir hulle wys sy maak nie stories op nie, en sy kyk rond op soek na die kopkool. Maar dit is weg. Toe sien sy dit – so hoog bo in die lug dat dit soos 'n voël lyk. 'n Vet groen voël wat op en af op die wolke bons.

"Daar's dit," sê sy en wys op in die lug. "Daar bo."

Maar hulle glo haar nog steeds nie. Gelukkig is Oupa nie kwaad nie. Hy begin lag en hulle lag al die pad huis toe.

Nal'ibali fun

Nal'ibali-pret



★ Make a badge!

1. Cut along the red dotted line to cut out the badge.
2. Colour in the picture.
3. Cut a circle the same size as the badge from some thin cardboard, for example, a cereal box.
4. Use glue to paste the badge onto the cardboard.

★ Maak 'n kenteken!

1. Sny op die rooi stippellyn om die kenteken uit te knip.
2. Kleur die prent in.
3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is uit dun karton – gebruik byvoorbeeld 'n graankosboks.
4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.

5. Use sticky tape or masking tape to attach a safety pin to the back of the badge. Or make a hole at the top and thread some wool or string through it so that you can hang it around your neck.
6. Enjoy wearing your badge as you read and listen to stories on World Read Aloud Day.

5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle stories lees en daarna luister op Wêrelddag vir Hardop Lees.



★ What have you read?

1. Cut out the reading record sheet below and write your name on it.
2. Find the stories below on www.nalibali.org or www.nalibali.mobi. Ask an older child or an adult for help if necessary.
3. Download the stories and read them with the person who usually reads to you.
4. Complete your reading record sheet to show how much you enjoyed each story.

★ Wat het jy gelees?

1. Knip die leesverslagblad hieronder uit en skryf jou naam daarop.
2. Vind die stories hieronder op www.nalibali.org of www.nalibali.mobi. Vra 'n ouer kind of 'n grootmens om jou te help, indien nodig.
3. Laai die stories af en lees dit saam met die persoon wat gewoonlik vir jou lees.
4. Vul jou leesverslagblad in om te wys hoe baie jy van elke storie gehou het.

Look at what I read!

Name:



Kyk wat het ek gelees!

Naam:

Name of story Naam van storie	How much did you enjoy the story? Hoe baie het jy die storie geniet? * ** ***
Silly Thukile / Dwase Thukile	
Kamuzu's voice / Kamuzu se stem	
The mermaid's purse / Die meerminbeursie	
The magic paintbrush / Die betowerde verfkwas	
Thembela in the wind / Thembela in die wind	
Vusi and Sinazo / Vusi en Sinazo	

* The story was okay. / Die storie was so-so.

** I liked the story quite a lot. / Ek het baie van die storie gehou.

*** I really loved this story. / Ek het regtig baie van hierdie storie gehou.



Produced for Nal'ibali by the Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.

Daily Dispatch

The Herald

Sunday Times

SundayWorld



Drive your
imagination